



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS EN LETTERKUNDE

MEMORANDUM

NOVEMBER 2008

PUNTE: 120

TYD: 2 uur

MPUMALANGA

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

ASSESSERINGSRIGLYNE

- As 'n nasiener twyfel oor die antwoord, moet dit met die hoofnasiener bespreek word.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

- Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie. Fokus op die **kernbegrip** in die antwoord.
- Die kandidaat se antwoord moet in sinvolle Afrikaans wees. Indien 'n woord van 'n ander taal in 'n antwoord gebruik word, skryf 'n **E(Engels)/Z(Zoeloe)/S(Sepedi)** boaan die woord. Druk die woord toe; indien die woord nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, is die antwoord korrek.
- Sien slegs die eerste feit/sin na as die vraag EEN punt tel. Sien slegs die eerste TWEE feite na as die vraag TWEE punte tel.
- Die opdrag in 'n vraag moet 100% gevolg word, anders 0. Een woord beteken **een** woord. Indien die KORREKTE woord duidelik onderstreep is, word die punt toegeken.
- 'n Aanhaling sonder aanhalingstekens verdien geen punt nie.
- Waar/Ja/Onwaar/Nee/Vals/Nie (Motivering afhanklik van korrekte keuse.)
Eerste deel korrek en motivering verkeerd (1 punt).
Eerste deel verkeerd/ontbreek, 0 vir die hele antwoord.
- **Veelkeusige vrae:**
Slegs die regte letter gegee. (1 punt)
Slegs die regte antwoord, sonder die betrokke letter. (1 punt)
- Kandidate kan enkel of dubbel aanhalingstekens gebruik.
- Met nasien, plaas die punte in die regterkantste kantlyn en die totaal links van die vraagnommer.

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
VRAAG 1: KYK- EN LEESBEGRIP – DIE MAN AGTER DIE MADIBAHEMP [Verwerk uit: <i>Vrouekeur</i> , 5 November 2004] (296 woorde)					
1.1	Sonwabale Ndamase (Dit moet die naam en van wees. Moet elke keer met 'n hoofletter begin.)	1	2	2	1
1.2	A/Madiba die hemde dra.	1	2	2	2
1.3	“kleurryk” (sonder aanhalingstekens ✓)	1	2	2	1
1.4.	1.4.1 Ja (Indien nee, geen punt vir 1.4 nie.)	1	2	2	2
	1.4.2 “deftigste”/“netjies”/“gewilder” (aanhalingstekens verpligtend)	1	2	2	2
1.5	Madiba/Nelson Mandela/hyself/hy/Nelson/Mandela	1	2	2	2
1.6	'n (Swart) pak✓ en 'n das✓ (Kandidate kan 'n hele sin gebruik, maar die regte antwoord moet daar wees.) 'n Mens kan gemaklik en netjies lyk, al dra jy nie 'n swart pak en das nie. = 1 punt	2	2	2	1
1.7	“(al) gewilder” (sonder aanhalingsteken ✓)	1	2	2	1
1.8	Sy ma/moeder/me. Ndamase	1	2	2	1
1.9	C/hy kon naald en gare nie los nie.	1	2	2	3
1.10	1.10.1 ONWAAR/Onwaar	1	2	2	2
	1.10.2 Hy is lid van die koninklike Pondo-familie./Hy kon 'n weelderige/(en) gemaklike lewe gekies het./Hy is familie van die koning.	1	2	2	2
1.11	Mans/jy kan met trots hulle/jou Afrika-hemp/-hemde na die deftigste funksie dra./Van die formele na meer informele kleredrag./Mense trek nou Afrika-hemde na enige funksies aan./ (Voor Mandela het mense klere gekies op grond van waarheen hulle op pad was.) Nou het hulle begin aantrek in ooreenstemming met waarvandaan hulle kom./Mans hoef nie meer pakke te dra nie.	1	2	2	2
1.12	('n) wêreldberoemd(e)	1			1
1.13	Hy is 'n bekende figuur (en mense is geneig om hom te volg)./Hy is 'n held/rolmodel (en ander wil hom navolg)./Hy het baie vir die modewêreld beteken. Enige sinvolle antwoord. (eerste swart president/president/menseregte/Vigs/vrede/ontferm hom oor armes/wyse voorbeeld ens.)	1	2	2	3
DENKVLAK 1: 7/16(44%) DENKVLAK 2: 7/16 (44%) DENKVLAK 3: 2/16 (12%) =100%					
SUBTOTAAL: 16					

VRAAG 2: KYK- EN LEESBEGRIP – STROKIESPRENT [Uit: <i>Rapport: 2007</i>] (70 woorde)					
2.1	B/sy ma al moedeloos is.	1	2	2	2
2.2	Sy ma skree vir hom./Dit beklemtoon dat sy hard praat./Sy ma raas met hom./Die ma maak 'n lawaai./Sy is kwaad/kwaai. (voordeel vir begrip)/Sy is baie ongelukkig. (enige sinvolle antwoord)	1	2	2	2
2.3	Die ouers/Sy ouers doen alles vir hom./Sy ma en pa help hom baie. (net een ouer = 0)	1	2	2	3
2.4	C/onvolwasse	1	2	2	2
2.5	2.5.1 Ja/Nee (oop vraag) (Ja of nee verdien 'n punt)	1	2	2	2
	2.5.2. Ja: Dis vir hom lekker, want hy hoef niks vir homself te doen nie./Die ouers behandel hom liefdevol. Nee: Hy lyk ongelukkig./Sy lyftaal wys hy is ongelukkig. Hy hou niks daarvan nie, want sy ouers behandel hom soos 'n baba/beheer hom. (Hy sê:) "AG"!/AG! (Die rede moet sinvol wees en pas by die keuse in 2.5.1 om die punt te verdien.)	1	2	2	3
2.6	2.6.1 Nee	1	2	2	2
	2.6.2 Hy wonder of Jeremy alleen kollege toe kan gaan./Hy bekommer hom oor sy seun./Hy bekommer hom./Hy dink nie sy seun kan alleen kollege toe gaan nie. (Dink jy hy kan alleen kollege toe gaan? = 0)	1	2	2	3
DENKVLAK 1: 00 DENKVLAK 2: 5/8 (63%) DENKVLAK 3: 3/8 (37%) = 100%					
SUBTOTAAL: 8					
VRAAG 3: KYK- EN LEESBEGRIP - [Uit: <i>Huisgenoot: 8 November 2007</i>] (70 woorde)					
3.1	Deur 084 145 te bel/(per) selfoon/telefoon/deur te bel.	1	2	2	1
3.2	Om die lesers se aandag te trek./Om lesers te lok om die advertensie te lees/Om lesers aan te moedig om fone te koop./Die mense sal dit sien./Om klem te lê./Mense moet kyk na die advertensie. (Toegewing: lomp uitdrukking, tog begrip bv. sodat julle kan kyk/ omdat mense ver/vir gesien).	1	2	2	3
3.3	(Teken in op 'n) nuwe kontrak✓ of opgradering/gradeer jou foon (op).✓	2	2	2	2
3.4	(gratis) Nokia E65/Nokia/E65	1	2	2	1
3.5	elke maand/maandeliks/een keer per maand/Elke maand moet EEN Hummer gewen word.	1	2	2	2
SUBTOTAAL: 6					
DENKVLAK 1: 2/6 (33%) DENKVLAK 2: 3/6 (50%) DENKVLAK 3: 1/6 (17%) = 100%					
TOTAAL AFDELING A: 30					

AFDELING B: 'N OPSOMMING**VRAAG 4: BELANGRIKSTE INLIGTING OOR ALGEMENE VEILIGHEID****PUNTE WORD SO TOEGEKEN:**

- 7 FEITE/ ANTWOORDE in volsinne	7
- Korrekte TAALGEBRUIK (woordeskat, sinsbou, leestekens, spelling) Dui slegs foute in korrekte feite aan.	2
- Korrekte GETAL WOORDE en korrek AANGEDUI	1
Totaal	10

TAAL– EN SPELFOUTE:Maksimum van **DRIE** foute in korrekte feite = 2Maksimum van **SES** foute in korrekte feite = 1

Indien die kandidaat slegs een feit met 'n maksimum van 3 foute aangebied het, word die punte só toegeken:

Feit:	1
Taal en styl:	2
Aantal woorde korrek aangedui:	1

GETAL WOORDE

Tel die woorde. Dit moet korrek aangedui word.

Die getal woorde moet tussen 50 - 65 wees. Die kandidaat verloor die punt indien hy minder as 50 of meer as 65 woorde skryf.

Trek alle woorde na 65 deur. Dui met W aan.

FEITE

- Assesseer net EEN feit per sin.
- Kandidate kan korrekte feite net so uit die stuk oorskryf.
- Indien al die feite verkeerd is, kry die kandidaat geen punt vir taal nie, maar indien die getal woorde nogtans korrek aangedui is, ken 1 punt toe.
- Die hoofgedagtes hoef nie in die regte volgorde te wees nie.
- Indien die opsomming in paragraafvorm aangebied word, word die eerste sewe sinne nagesien.

TAAL

- Indien die antwoord nie 'n volsin is nie, hanteer dit as 'n taalfout.
- Lees die hele opsomming en onderstreep die taalfoute in elke korrekte sin.
- Lomp en onvolledige sin: ken 'n punt toe vir korrekte feit en penaliseer vir taal.
- Ken die taalpunte só toe:
 - 'n maksimum van 2 punte vir taalgebruik (onderstreping)
 - 1-3 taalfoute: 2 punte
 - 4-6 taalfoute: 1 punt
 - meer as 6 taalfoute: 0

1.	Kies iemand wat jy vertrou ./Kies 'n betroubare persoon om jou vriend te wees/om jou probleme te bespreek/vir wie jy nie bang is nie.
2.	Jou vriend/persoon moet weet waar jy bly (om hulp te verleen)./Die persoon sal jou kan help .
3.	Vreemdelinge moenie <u>inligting</u> oor jou hê nie./Moenie vir vreemdelinge sê <u>waar jy bly</u> nie. Moenie met vreemdelinge <u>praat</u> (oor persoonlike inligting) nie. Vreemdelinge/Hulle/Mense moenie <u>weet dat jy alleen tuis</u> is nie.
4.	<u>Wees versigtig</u> vir vreemdelinge as jy langs die pad is. /Moenie met vreemdelinge <u>praat</u> nie./ Moet niks van hulle <u>vat</u> nie./Moenie <u>geld/geskenke</u> van hulle vat nie.
5.	Smiddae moet jou ouers weet wat jy doen en waar jy is. /Jou ouers moet weet waar jy na skool is. (Persoon en tyd)
6.	Moenie alleen op straat loop nie./Vermy gevaarlike plekke .
7.	Sê " NEE! " as iemand jou lastig val/pla ./As iets jou ongemaklik laat voel sê " Nee! "/As jy nie daarvan hou nie , sê " Nee! ". (NEE en waarvoor) (Net NEE is nie 'n feit nie. = 0) (Moet jy baie duidelik "Nee!" sê. = 0)
	AANTAL WOORDE = 56/63

AFDELING C: TAAL					
VRAAG 5: STROKIESPRENTE [Uit: <i>Rapport</i> , 14 Augustus 2005] (90 WOORDE) Die spelling moet korrek wees. Antwoorde kan met hoofletters of kleinletters geskryf word.					
VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	BARRETT
5.1	op	1	4	1	1
5.2	plasia	1	4	1	1
5.3	saans	1	4	1	1
5.4	televisie te kyk	1	4	2	2
5.5	daarvan	1	4	1	1
5.6	programme	1	4	1	1
5.7	Skielik/skielik	1	4	2	1
5.8	uitroepteken	1	4	1	1
5.9	bangbroek/bangjan	1	4	1	1
5.10	binnekort	1	4	1	1
5.11	sat	1	4	1	2
5.12	doodbang/vrekbang	1	4	1	1
5.13	vier	1	4	1	1
5.14	wat	1	4	1	1
5.15	blydskap	1	4	1	1
5.16	rusbank	1	4	2	2
5.17	ongelukkig/omgekrap/ontsteld/ontevrede	1	4	1	1
5.18	vreemd	1	4	1	1
5.19	enigste/eerste	1	4	1	1
5.20	banger	1	4	1	1
5.21	se	1	4	1	1
5.22	kleinseun	1	4	1	1
5.23	goeie	1	4	1	1
DENKVLAK 1: 20/23 (87%) DENKVLAK 2: 3/23 (13%) = 100					
					SUBTOTAAL: 23

VRAAG 6: STROKIESPRENT [Uit: *Rapport*: 12 November 2004] (104 WOORDE)**Spelling word nie hier gepenaliseer nie. Woordorde moet korrek wees.**

6.1	Ben was nie tevrede met die werk nie.✓	1	4	2	2
6.2	Ben sê dat hy ✓na die venster moet kyk.✓ Ben sê hy✓ moet na die venster kyk.✓	2	4	1	2
6.3	Die deur is nie✓ skeef nie.✓	2	4	2	2
6.4	Die seepbakkie is nie reg nie omdat dit (die seepbakkie) onderstebo is.✓	1	4	2	2
6.5	Die lig se skakelaar is✓ reg deur die bouer ingesit.✓/Die lig se skakelaar is✓ reg ingesit.✓	2	4	1	2
6.6	Die ligskakelaars sal sleg lyk teen die muur./sal sleg teen die muur lyk.✓.	1	4	1	2
6.7	Die een gordyn hang altyd skeef op die vloer.✓	1	4	2	2
6.8	Die vloer is baie ongelyk, daarom staan die bad skeef.✓ (Ken punt toe vir korrekte woordorde, al ontbreek die komma.)	1	4	2	2
6.9	Waarmee is Ben baie ontevrede✓?✓	2	4	2	3
6.10	die werk reg te maak.✓	1	4	2	2
6.11	Die bouer sê: "Ek✓ sal al die foute regmaak." (dubbelpunt en aanhalingstekens moet volledig reg wees)✓ "Ek✓ sal al die foute regmaak," sê die bouer.	2	4	2	3
6.12	hy✓ iets verkeerds gedoen het.✓	2	4	2	2
6.13	Die bad moet✓ deur die bouer reggemaak word.✓/Die bad moet✓ reggemaak word.✓	2	4	2	2
DENKVLAK 2: 16/20 (80%) DENKVLAK 3: 4/20 (20%) =100%					
					SUBTOTAAL: 20

VRAAG 7: STROKIESPRENT [Uit: *Rapport*: 24 Maart 2002] (85 WOORDE) **Kandidate hoef nie die verbetering te onderstreep nie.**

7.1	Ben het sy karavaan verloor./karavaan	1	4	2	1
7.2	Die man se pet sit nie skeef nie.	1	4	2	2
7.3	Alle voertuie behoort getoets te word.	1	4	1	2
7.4	Ben se vrou en kinders is weg, daarom is hy ontsteld.	1	4	1	1
7.5	Die motor waarmee Ben ry, is padwaardig.	1	4	1	2
7.6	Ben sê vir die man: "Ek weet/sien dat my ligte werk."	1	4	1	2
7.7	Ben skreeu vir die man, want hy is ontsteld.	1	4	2	2
7.8	Die verkeerskonstabel/beampte beveel Ben om uit sy kar/motor (uit) te klim.	2	4	1	3
DENKVLAK 1: 2/9 (22%) DENKVLAK 2: 5/9 (56%) DENKVLAK 3: 2/9 (22%) = 100%					
					SUBTOTAAL: 09

VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

8.1	B/lief vir	1	2	2	3
8.2	Die leser word oortuig/gemanipuleer om die produk te koop./Klem op gratis laat mense voel hulle kry meer verniet as waarvoor hulle betaal. Dit lok mense./Om dit te beklemtoon.	2	2	2	3
DENKVLAK 3: 3/3 (100%) = 100%					
					SUBTOTAAL: 3

VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER (Korrekte boodskap. Taal- en spelfoute word nie gepeenaliseer nie.)

9.1	Jannie, ek is baie trots op jou goeie werk, hou so aan./ Jannie, veels geluk met jou goeie werk. Probeer volgende keer nog beter doen!/ Jannie, wonderlik man! Sien jy, dit kan gedoen word as jy hard werk./ Jannie, veels geluk met jou goeie werk! = 1 (GELUKWENSING EN POSITIEWE AANMOEDIGING)	2	3	2	3
9.2	Devin, baie dankie Liefie, die kos lyk heerlik/ lekker. Jy is 'n wonderlike man! Devin, die kos smaak vorentoe. Jy is 'n bobaas kok! Wat sou ek sonder jou gedoen het?/ Devin, baie dankie, ek is lief vir jou./ek is baie bly. Devin, baie dankie. = 1 (DANKBAARHEID EN WAARDERING)	2	3	2	3
9.3	C/Jan: Sam, sal jy asseblief my rekenaar regmaak? Dit wil nie werk nie.	1	3	1	2
DENKVLAK 2 : 1/5 (20%) DENKVLAK 3 4/5(80%) = 100%					
SUBTOTAAL: 5					
TOTAAL AFDELING C: 60					

AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling is nie nasionaal gestandaardiseer nie. Verseker dat hierdie afdeling deur die hoofnasiener en senior nasieners gestandaardiseer word voordat die nasienwerk begin. (Is alle moontlike antwoorde ingesluit?)

Volgens omsendbrief S8 van 2007 die volgende:

2.1 Grade 12 setworks for official Second Additional Languages

In 2008 and 2009 Provincial Education Departments should prescribe one short story/folk tale title for the Second Additional Languages offered in their schools. This title should be selected from the following sources:

- The 2007 Grade 12 African third language setworks; Or
- The 2007 Grade 12 second language setworks; Or
- The first and second additional language titles in the Grade 10 and 11 literature national catalogue published in 2006; Or
- The first and second additional language titles in the Grade 10 national catalogue for languages published in 2005.

Provincial Education Departments should select **only five short stories/folk tales** from the prescribed short story/folk tale titles; and The selected short stories/folk tales should be suitable for Second Additional Language learners.

Ter wille van standaardisering oor die nege provinsies:

Vir eksaminering, stel asseblief kontekstuele vrae op oor **drie** kortverhale, waarvan die kandidate **twee** in die eksamen moet doen. Hou asseblief by die formaat van die nasionale vraestel en memorandum.

AFDELING D: LETTERKUNDE MPUMALANGA**BLADSAK - Lucas Malan**

Beantwoord TWEE van die DRIE vrae.

VRAAG 10: STOKVEL OP 'N PLAAS – Justice L Makete

- 10.1 MaDlamini (1)
- 10.2 B/kruiegedisyne voorsien (1)
- 10.3 10.3.1 “gesette”√ (1)
10.3.2 “uitgeteerde”/”verwaarloosde”√ (1)
- 10.4 Hulle kuier lekker./Hulle kuier, eet en drink lekker./Dis die belangrikste sosiale geleentheid. (1)
- 10.5 Hulle is oud en die dood kom nader./Hulle is nie meer deel van die jonges nie./Die jonges se musiek is te wild. (1)
- 10.6 Die skurke het moeilikheid gemaak./Daar was moeilikheid met die zol-eters/Hulle het begin mes steek/Hulle het baklei. (1)
- 10.7 10.7.1 Ja (1)
10.7.2 Hy kom met sy geweer/sambok/honde./Hy vang hulle altyd./Sy honde verskeur hul klere./Hy is ‘n gerespekteerde man. (1)
- 10.8 C/Tiger, Danger, Siphon en Mandevu. (1)
- [10]**

VRAAG 11: TOM – Jeanne Goosen

- 11.1 Hy het die donkie en die kar√ vir R100 gekoop.√ (2)
- 11.2 B/Dit was skoolgeld en kosgeld. (1)
- 11.3 Hulle kan goed daarmee aanry. (1)
- 11.4 Hy verwyd die spreker omdat die spreker hom nie wil hê nie./Die spreker hou nie van hom nie./Die spreker is kwaad omdat die spreker se broertjie hom gekoop het. (1)
- 11.5 11.5.1 Hy was halfdood/mishandel/swak/lyk nie goed nie/sal vir hulle niks beteken nie. (1)
- 11.5.2 Die waentjie val uitmekaar/is stukkend/is gedaan/werk nie goed nie/is oud. (1)
- 11.6 As dit nie vir die donkie was nie√, was die varkdraad nie nodig nie.√ (Enige moontlike soortgelyke antwoord sal as korrek aanvaar word.) (2)
- 11.7 Sy was verkeerd om te dink hy en die karretjie beteken niks. /Sy was verkeerd om te dink dat hulle nie vir hom en die karretjie sou kon gebruik nie. (1)

[10]

VRAAG 12: POTYSTER SWEIS NIE – PG du Plessis

- 12.1 Die bakkie se radio werk nie./Hy is alleen./Hy is eensaam./Vir geselskap. (1)
- 12.2 Hy is 'n skrywer. (1)
- 12.3 Die kos is sleg./Die kos is nie waffers nie./Die kos is nie goed nie.
NIE: dis nie lekker nie. (1)
- 12.4 Sy kleurbaadjie is te klein./Hy trek sy lang arms terug om die moue nie te kort te laat lyk nie./Hy weet daar is baie geld in ou yster./Hy gooi duim huis toe. (1)
- 12.5 Sy het die tjips gebak. (1)
- 12.6 Hy was skaam./Hy weet die oom weet nou hy het gejoj./Hy besef die waarheid het uitgekom./Nou weet die oom hulle is arm. (Enige ander soortgelyke moontlikheid) (2)
- 12.7 12.7.1 Nee. (1)
- 12.7.2 Sy pa het weggeloop./Sy ma gaan haar werk verloor./Hulle het nie geld nie./Die mense kry hulle jammer. (Enige ander moontlike soortgelyke antwoord) (1)
- 12.8 D/hy te trots was. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120

KONTROLELYS BY DIE OPSTEL EN MODERERING VAN 'N VRAESTEL.

Die suksesvolle paradigmaverskuiwing van inhoudgedrewe onderrig en toetsing na die assessering van kennis en vaardighede deur middel van die teksgerigte en kommunikatiewe benadering vereis dat al die onderliggende aspekte van die Nasionale Kurrikulumverklaring in onderrig en leer beslag sal kry.

Sleutelvrae wat 'n rol sal speel in die beoordeling van toetse/assesseringstake sal die volgende wees:

KONTROLELYS VIR DIE OPSTEL EN MODERERING VAN VRAESTEL 1		
BEGINSELS	VRAE	KOMMENTAAR
1. Sosiale transformasie	√	
2. Hoë kennis en vaardigheidsvlakke	√	
4. Progressie	√	
5. Artikulasie/oordraagbaar	√	
6. Menseregte/inklusiwiteit	√	
7. Waardering vir inheemse	√	
8. Geloofwaardigheid/doeltreffend	√	

Kritieke en ontwikkelingsuitkomst		
Kritieke uitkomst:		
1. Identifiseer/los probleme op	√	
2. Werk doeltreffend in groepe	√	
3. Selfwerksaamheid	√	
4. Inligting versamel/reageer	√	
5. Kommunikeer doeltreffend	√	
6. Gebruik teg. wet. doeltreffend	√	
7. Die wêreld as sisteem	√	
Ontwikkelingsuitkomst		
1. Verskillende leerstrategieë	√	
2. Verantwoordelike burgerskap	√	
3. Kultuur/esteties sensitief	√	
4. Beroepsmoontlikhede	√	
5. Entrepreneurskap	√	

Leeruitkoms 2: Lees en kyk	Afdeling A en C	
Lees/kyk vir begrip en waardering	Afdeling A en C	
• Identifiseer hoofgedagtes	Afdeling B	
• Ondersteunende gedagtes uitlig	Afdeling A	
• Som hoofgedagtes op	Afdeling B	
• Lei woordbetekenis uit konteks af	Afdeling A en C	
• Herlees vir begrip	Afdeling A, B en C	
Betekenis van verskeidenheid tekste		
• Toepaslike inligting vind	Afdeling A	
• Seleksie/weglating van inligting beïnvloed betekenis	Afdeling B en C	
• Verskil tussen direkte en verskuilde betekenis	Afdeling A en C	
• Herken skrywer se standpunt	Afdeling A en C	